

Tema: Deel met blydskap in die oorwinning van Jesus Christus, ons Regter-Koning wat kom oordeel.

### **Lofsang met die oog op die erediens**

Ps. 99-2: 1, 2, 3, 4

### **God en ons ontmoet mekaar**

Intreelied: Lied 477: 1

Votum

Seën

Loflied Psalm 68-1: 1, 8

Gebed

### **God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**

Skriflesing: Johannes 1: 1 - 18

Openbaring 19: 11 - 21

Teksverse: Openbaring 19: 11 - 13

Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 19, vr. 52

Woordverkondiging

### **Ons antwoord op die Woordbediening**

Gebed

Liefdegawe

Sing Sb 7-1: 1, 2

Seën

Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs

**Johannes is die enigste skrywer wat die Griekse woord “logos” gebruik as selfstandige naamwoord vir Christus.** Hy doen dit in Johannes 1 wanneer hy Christus daar beskryf as God wat mens word om mense te kom red! En dan gebruik Johannes dieselfde begrip in Openbaring 19 waar hy Jesus beskryf as Koning van die Wêreld wat sy teenstaanders oorwin! Tussen die eerste “Logos” en die tweede “Logos” lê die hele geskiedenis van die kerk op aarde! Van Christus se koms tot sy Wederkoms!

**Baie gelowiges se prentjie van Christus het vasgehaak by die eerste “Logos” beskrywing.** Hulle dink hoofsaaklik aan die aardse Christus op die stofpaaie van Israel, met sy prediking, sy wonderwerke en die liefde wat Hy aan mense in nood betoon het. Vir baie gelowiges gaan dit hoofsaaklik om sy lyding, die kruis, die doringkroon, die bloed, sy sterwe en begrafnis.

Mense hou vas aan sy opstanding sodat sondaarmense gered kan word! En aan sy hemelvaart vanwaar Hy die kerk in die wêreld instuur. Vir baie mense is dit net Christus en sy lewe hier op aarde wat hulle denke oor Hom en hulle geloof in Hom vorm.

**In Openbaring teken Johannes egter ’n heel ander “Logos”** Daar sien ons ’n heel ander prentjie van Christus as die “Logos” die “Woord” van God! Hier sien ons ’n Koning op pad na die finale oorwinning! Met oë wat soos vuur blits, met ’n swaard wat uit sy mond kom waarmee Hy sy vyande afmaai sodat sy klere met die bloed van sy vyande deurweek word! ’n Ruiters wat seëvierend die vyand verslaan en mense in die hel werp!

**En die vraag is: Kan jy en jy ons ook vandag met vreugde met hierdie “Logos”, met hierdie beeld van Christus vereenselwig?** Die Kategismus leer ons immers in vr. en antw. 52 van die Kategismus dat hierdie twee Logosse een en dieselfde Persoon is! Ons lees daar :

“Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag, wat Hom van te vore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het! Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp maar my saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem”.

En dit is die troos wat die Here vanaand vir ons bring: Dat ons met vreugde kan deel in die oorwinning van Jesus Christus, ons Regterkoning wat kom oordeel!

**Die Griekse woord “logos” wat Johannes hier as ’n naam Christus gebruik, het ’n ryk verskeidenheid van betekenisse.** Logos beteken: om te praat - die woorde waarmee jy praat! Dit kan ook beteken “Woord” – met ander woorde: dit wat gesê word! Maar dit kan ook beteken: “die oorsprong, begin of rede vir iets”. Verder beteken dit ook “om ’n stelling te maak” (Engels “statement”) en kan ook beteken: ’n verskyning of gebeurtenis!

**Ons kan nou verstaan waarom Johannes in die begin van sy evangelie hierdie besondere naam vir Jesus kies.**

**Maar daar is nog 'n rede uit Johannes se eie leefwêreld wat verduidelik waarom hy Jesus Logos, Die Woord, noem!** Ons weet dat Johannes hierdie evangelie in Efese geskryf het. In Efese het daar 600 jaar voor Johannes ook 'n ander man met die naam Herakleitos gewoon wat beskou word as die vader van die wetenskap. Hy het in sy nadenke oor die wetenskap ook die Griekse woord “logos” gebruik in die sin van “die rede agter” of “die oorsprong van iets”. In sy nadenke oor die lewe ( “bios” in Grieks) het hy gevra na die “bio-logos”, die rede of die oorsprong van die lewe.

**In antwoord hierop sê Johannes dus: Jesus Christus is die Logos! Hy is die oorsprong of die begin van alles! Hy is die rede agter die lewe!** Christus is God se Woord aan ons. Hy praat met ons deur Jesus! Christus is God se “statement” in hierdie wêreld om te sê: Hy is die enigste ware God! Dit is waarom Jesus se geboorte, sy verskyning, sy hele lewe en sy kruisiging en opstanding, dié gebeurtenis “die event” van die ganse wêreldgeskiedenis was en is.

**Hy is die Logos – die begin en die einde!** Daarom kies Johannes in Openbaring wanneer hy die eindtyd beskryf weer hierdie begrip as Naam vir Christus! Maar nou met 'n nuwe betekenis! Daar kom nog 'n lewensveranderende “Woord” van God – 'n finale uitspraak oor die mense van die aarde! 'n Laaste aardskuddende “event”.

**Want met die Naam “Logos” openbaar Christus Homself as God.** Hy was nie net by God nie, Hy is self ook God! Jesus is die Seun van God maar Hy is self ook God. Hy besit alle mag in die hemel en op die aarde! Hy het sy Godheid prysgee om aarde toe te kom om ons van ons sonde te verlos! Dit is wat Johannes in sy Evangelie beskryf! Maar Hy het ook opgevaar na die hemel om as Koning oor die wêreld te regeer!

**En Christus is ook die laaste “Woord” van God!** As die genadetyd van die verkondiging van die Woord van God verby is en die einde breek dan, dan spreek God deur Christus nie meer 'n woord van genade en versoening vir die mensdom nie, maar 'n Woord van oordeel en vernietiging!

Dit is die prentjie wat in Openbaring 19 geteken word! Kom ons kyk dan na hierdie hoofstuk se beelde om saam te kyk na die einde en nou reeds moet te skep en met verwagting uit te sien na sy oorwinning!

Johannes gee aan Christus verskillende name. Opmerklik in verse 11 - 15 word nie minder as 4 keer verwys na die oorwinnaar se name nie. Deur sy name word openbaar Christus die wyse waarop Hy oorwin.

**In vers 11 word Hy die ruiter genoem - Getrou en Betroubare:** Christus is getrou in dit wat Hy doen. Hy het dit reeds bewys met sy sending na die aarde om ons te verlos. Hy het getrou gebly tot die dood toe. Maar Hy is ook getrou aan sy beloftes wat Hy aan ons gemaak het. Ons hoef nooit te twyfel dat sy beloftes van oorwinning oor Satan en die bese waar gemaak sal word nie.

**Hy beloof aan ons dat ons saam met Hom sal oorwin. En daaraan moet ons vashou.** Bns en srs, julle weet hoe maklik kan ons moed verloor as die stryd van die lewe vir ons baie erg raak. Ons moet leer om in die hitte van die stryd hierdie Logos in die oog te hou!

Dat ons gaan oorwin, want- dan sal ons nie moedeloos word nie. As 'n mens die ruiter voor oë hou, dan kry jy weer nuwe krag om te stry. Ons sal oor ons vyand oorwin.

Ons lewe is veilig in Christus. Niks sal ons ooit uit sy hand kan ruk nie. Geen krisis, soos wat ons nou beleef in ons land, geen beproewing of versoeking sal jou oorweldig nie – want Jesus Christus is die Ruiterswoord op die wit perd wat besig is om te oorwin

**In vers 12 word Christus 'n naam genoem wat net Hy ken.** Wat word hiermee bedoel? In Job. 11: 7 word gevra: Kan jy die diepte van God peil? Natuurlik kan ons nie. Met hierdie naam word verwys na Christus as die onpeilbare God. God wat met die krag van sy goddelike vermoë die Antichris kan oorwin. Die God van die Lig is teen die draak van die duisternis in 'n stryd gewikkel wat ver bokant ons verstandvermoë of kennis strek. Daarom hierdie onbekende Naam. Christus - ewige God wat vir ons Oorwin.

**Geliefde br. en sr. hierdie naam roep by ons heilige eerbied en ontsag op.** Eerbied vir God wat - omdat ons nie kan oorwin nie - vir ons oorwin. Eerbied vir sy krag en mag. Ja, ons vrees ook die krag van Christus. Ons moet nie net dink aan Christus na sy liefde nie, maar ook na die ongelooflike krag waarmee Hy hierdie stryd vir ons oorwin. Ook u en ek, moet met ontsag buig voor sy krag en sy Koningskap.

**Die volgende naam wat genoem word is in vers 13 nl.: Die Woord van God: Logos!**

In die lig van Johannes 1 is dit duidelik dat hiermee bedoel word: God openbaar dat Hy in en deur Christus die finale oorwinning behaal. Christus is die openbaring van God se plan om ons te verlos. En hier aan die einde word dit weer beklemtoon: **God oorwin deur Christus oor die Antichris. Alles is en bly die werk van God - Drie-enig.**

**Christus was die eerste Woord van God se genade, maar Hy is ook die laaste Woord van God se oordeel en straf oor almal wat nie in Hom glo nie!** Daarom word Jesus ook hier geteken asof 'n swaard uit sy mond kom waarmee Hy ons vyande oorweldig! Die woord van oordeel en verdoemenis! Ook oor Satan en sy bose magte wat die lewe vir ons hier so vol stryd, pyn en lyding maak!

**Wat 'n heerlike vooruitsig dat God nog eenmaal sal praat deur die “Logos”.** Christus sal weer verskyn om ons van hierdie boosheid te verlos! Dis die geregtigheid waarna ons smag vir almal wat nou onreg pleeg en gelowiges vervolg en verniel.

Die laaste Naam in vers 16 is "Konings van die konings en heerser van die heersers". Hiermee word Christus se totale heerskappy bevestig. Daar is niemand groter as Hy nie - daarom behaal Hy ook die oorwinning. Dit boesem by ons vertrou en krag in.

Hy is ons Koning en ons is sy Koningskinders! Ons kan nou al deel in sy heerlike oorwinning! Hy regeer oor ons lewens en daarom vertrou ons op Hom! Ons deel aan sy oorwinning – al sien ons dit nie nou al in volle krag gebeur nie – ons weet Hy is op pad en die finale oorwinning wag! Dit is ons vreugde en ons verwagting! Dit gee ons hoop vir die toekoms!

Daarom geliefdes, skeep moed en wees getroos! Die Logos kom weer – maar dan as Regter-Koning om te oorwin en ons kan nou alreeds met groot vreugde deel aan daardie oorwinning.

Amen